



Circular / Omsendskrywe 03/2016

"There are no speed limits on the road to excellence" - Unknown

**Geagte Ouers/Voogde
Dear Parents/Guardians**

1. Boodskap van die Hoof

Ons wil baie geluk sê aan 2 van ons personeellede wat bevorder is as Departementshoofde by die skool.

- Me Annemarie van Schalkwyk as Departementshoof vir remediërende onderrig.
- Me Lelanie Labuschagne as Departementshoof Wiskunde.

Message from the Principal

We would like to congratulate two of our staff members who have been promoted to HOD's at the school.

- Mrs Annemarie van Schalkwyk as HOD - remedial work.
- Mrs Lelanie Labuschagne as HOD - Maths

2. Eksamens

Ons vertrou dat al die leerlinge reeds hard besig is om hulleself voor te berei vir die komende eksamen. Eksamensroosters is reeds uitgegee. 'n Groot deel van die eksamen bestaan uit vraestelle van die departement wat ons kry net voor die skryf van die vakke - geen afbakening is dus moontlik nie.

Exams

We trust that all learners are already busy preparing for the exams. Timetables have already been handed out. A large part of the exams consist of papers set by the department which we receive shortly before the writing of the paper - thus no demarcation can be given.

LAERSKOOLEKSAMEN

Die laerskool se eksamen begin op 6 Junie. Hulle eindig dié eksamen op 15 Junie en sal dan voortgaan met klasonderrig - werk van die 3de kwartaal sal in die laaste week hanteer en afgehandel word. GEEN leerder sal verskoon word van skool in die tyd nie. Nasionale vraestelle word op sekere dae geskryf en kan nie herhaal word nie.

PRIMARY SCHOOL EXAMS

The exams start on 6 June and ends on 15 June, where after the learners will continue with normal classes - work of term 3. No learner may be absent during this time. National papers are written on certain dates and may not be written on alternative dates.

HOËRSKOOLEKSAMEN

GRAAD 7 - 12 JUNIE EKSAMEN 2016

Neem asb. kennis van die volgende:

1. Die eksamenrooster is deur die Departement van Onderwys opgestel.

2. Eksamen sal daagliks in twee sessies geskryf word:

Sessie 1: 07:45 - 11:00

Sessie 2: 11:30 - 14:30

Die einde van die tweede sessie sal bepaal word volgens die lengte van die vraestel.

3. Die skoerbusses vertrek om 13:15 vanaf die skool. (Maandag tot Vrydag)

Leerders wat tweedesessie skryf moet eie vervoer huis toe reël.

4. Indien 'n leerder afwesig is, moet daar 'n doktersbrief die volgende dag by Mn C van Wyk ingehandig word. Beperk asb. afwesighede tot die minimum aangesien baie van die vraestelle, Distriksvraestelle is en dit op spesifieke dae geskryf moet word. Daar is dus nie geleentheid om vraestelle vroeër of later as op die eksamenrooster te skryf nie.

5. Sorg asb. dat die leerders die nodige skryfbehoeftes saambring na die eksamenlokaal.

6. **Selfone word NIE in die eksamenlokale toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word en eers aan die einde van die termyn terugbesorg word.**

7. Leerders moet gedurende die eksamen volgens die Gedragskode handel.

8. Die normale klasrooster word vanaf 23 Junie gevolg.

Die skool sluit **Vrydag, 24 Junie** om 12:00

HIGH SCHOOL EXAM

GRADE 7 - 12 JUNE EXAMS 2016

Please take note of the following:

1. The examination time table was set by the Department of Education.

2. Exams will be written in two sessions, daily.

Session 1: 07:45 - 11:00

Session 2: 11:30 - 14:30

The end of the afternoon session will vary according the length of the exam paper.

3. The school busses will depart at 13:15 from school. (Monday till Friday) Learners writing the afternoon session, have to arrange their own transport home.

4. If a learner is absent, a Doctor's certificate must be handed in at Mr C van Wyk. Please keep absenteeism to a minimum due to the fact that most papers are District papers that must be written on a certain day. With this in mind, there cannot be papers written on earlier or later days than as indicated on the time table.

5. Please ensure that the learners bring along the necessary stationary to the exam room.

6. **NO cell phones are allowed inside the exam room. Confiscated cell phones will only be returned at the end of the term.**

7. All learners must adhere to **Lantern School's Code of Conduct** during the exam period.
8. Normal class time table will resume from 23 June.
9. School closes at **12:00 on 24 June**.

Die skool sal om 13:00 uitkom tydens die eksamen - busse vertrek 13:15. Leerders wat die tweede sessie skryf (Gr 10-12) moet self sorg vir vervoer huis toe.

Op 1 Junie sal leerders reeds om 12:00 uitkom.

The school closes at 13:00 during the exams and buses will leave at 13:15. Learners who write second session (Gr 10-12) must arrange their own transport in the afternoons.

On 1 June the learners will leave at 12:00.

3. Afsprake

Ons versoek dat dokters- of ander afsprake nie gedurende skoolure gemaak word nie. Indien daar 'n probleem is moet 'n skriftelike versoek gerig word aan die Adjunkhoofde en aan hulle gegee word voor 8:00. Leerders sal nie in skooltyd afgehaal word sonder toestemming van die Adjunkhoofde nie.

Appointments

We request that all appointments (including doctors) not be made during school hours. If you have a problem, a written request should be put to the deputy headmasters before 8:00. Learners will not be permitted to leave without permission from the deputies.

4. Kleredrag en voorkoms

Ons versoek dat ouers sal toesien dat leerders se kleredrag en voorkoms voldoen aan die Gedragskode van Lanternskool. Ons kry veral leerders tydens die winter met ander klere of hoofdekkings wat nie deel is van Lanternskool se kleredrag nie. Seuns moet ten alle tye geskeer wees. Netheid is vir ons 'n prioriteit. Dankie dat ons kan staatmaak op u samewerking.

Clothing and appearance

We request parents to ensure that clothing and appearance of the learners should be in accordance to the Code of Conduct of Lantern School. We especially find learners wearing other clothes or beanies in winter.

Boys should be shaved at all times. Neatness is a priority. Thank you for your support and understanding.

5. Tekkie "Tax" Dag - 27 Mei 2016

Leerders mag op die dag gewone klere dra teen R10 vir 'n plakker. Alle gelde wat ingesamel word vir die dag sal aan Pathways-skool (verstandelike gestremde leerlinge) geskenk word. Ondersteun ons asseblief!

Tekkie Tax Day - 27 May 2016

Learners may wear 'sivvies' on this day for R10 a sticker. Funds raised will be donated to Pathways - School (for cognitively impaired learners). Please support us!

6. Subsidies

Die sluitingsdatum vir aansoek om vrystelling/gedeeltelike vrystelling van skoolfonds is **24 Junie 2016**. Stuur asb. dringend u aansoek en/of enige uitstaande dokumentasie na *Ms Rina La Grange*.

Exemption

The closing date for applications for exemption of school fees is **24 June 2016**. Please send your application and/or any outstanding documents to *Ms Rina La Grange* urgently.

Lanterngroete

Lantern regards

**T Groenewald
Hoof/Principal**

Tear off slip June exam 2016

I, Parent/Guardian of _____ in Gr _____
acknowledge receipt of the circular regarding the **June 2016 Examination**

Signature

Date

Skeurstrokie Junie Eksamens 2016

Ek, Ouer/Voog van _____ in Gr _____ erken
ontvangs van omsendbrief rakende **Junie 2016 Eksamens**

Handtekening

Datum